Dinsdag 12 Mei
Skrifgedeelte: Johannes 4:27-38
Fokusgedeelte: Johannes 4:34

## Doen die wil van die Here, dit is belangriker as kos vir jou liggaam

Jesus Christus het aan sy dissipels gesê dat dit sy taak is om die wil van sy Vader te doen en dit af te handel. Hierdie taak is belangriker as die kos wat Hy elke dag moet eet.

Jesus was uitgeput, dors en honger toe hulle op pad na Galilea by die fontein naby die Samaritaanse dorpie Sigar gekom het. Terwyl sy dissipels iets gaan kry het om te eet, gebruik Jesus die geleentheid om met 'n Samaritaanse vrou oor die "lewende water" te praat. Met hulle terugkoms praat Hy met sy dissipels oor die "brood" wat sy honger stil waarvan hulle nie weet nie. Die geestelike "water" en die "brood" het vir Hom méér waarde as sy fisiese behoefte aan kos. Jesus stel sy eie behoefte aan kos ondergeskik aan sy gehoorsaamheid om die wil van die Vader te doen! Hy wys hierna aan sy dissipels die lande rondom hulle wat gereed is om geoes te word.

Jesus dink nie aan die fisiese lande wat nog vier maande het voordat dit geoes moet word nie, maar aan al die mense wat gereedstaan om die evangelie te glo en die ewige lewe te ontvang. Om hulle van kos te voorsien, is belangriker as jou daaglikse maaltyd. Is jy gereed om God te gehoorsaam en die oes te begin insamel?

*Sing: Psalm 146-2:1, 5*
*Dr. J (Jan) Lion-Cachet (Klerksdorp)*